



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 11**

**FISIESE WETENSKAPPE: FISIKA (V1)**

**NOVEMBER 2017**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye, 2 gegewensblaie en 1 antwoordblad.



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Skryf jou naam en klas (byvoorbeeld 11A) in die betrokke ruimte op die ANTWOORDEBOEK.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK, behalwe VRAAG 3.3 wat op die aangehegte ANTWOORDBLAAD beantwoord moet word.
3. Lewer die ANTWOORDBLAAD saam met die ANTWOORDEBOEK in.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy in die ANTWOORDEBOEK.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat EEN reël tussen subvrae oop, byvoorbeeld tussen VRAAG 2.1 en VRAAG 2.2.
7. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
8. Jy mag toepaslike wiskundige instrumente gebruik.
9. Jy word aangeraai om die aangehegte GEGEWENSBAAIE te gebruik.
10. Toon ALLE formules en substitusies in ALLE berekening.
11. Rond jou finale numeriese antwoorde tot 'n minimum van TWEE desimale plekke af.
12. Gee kort (bondige) motiverings, besprekings ensovoorts, waar nodig.
13. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**


Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Elke vraag het slegs EEN korrekte antwoord. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 E.

- 1.1 Watter EEN van die volgende pare fisiese hoeveelhede is vektorhoeveelhede?
- A Krag en afstand
  - B Snelheid en spoed
  - C Lading en elektriese veld
  - D Elektriese veld en krag
- (2)
- 1.2 Watter EEN van die volgende vektordiagramme stel drie kragte voor wat tegelyk op 'n voorwerp inwerk terwyl die voorwerp teen KONSTANTE SNELHEID beweeg?
- A

B
- C

D
- (2)

- 1.3 'n Blok met 'n massa van 4 kg word al langs 'n wrywinglose helling, teen 'n hoek van  $\theta$ , met 'n krag  $F$ , opwaarts getrek, soos in die skets hieronder getoon.




Watter EEN van die volgende vergelykings kan gebruik word om die grootte van die normaalkrag ( $N$ ) te bereken?

- A  $N = (4)(9,8)\sin\theta$
  - B  $N = F - (4)(9,8)\cos\theta$
  - C  $N = F + (4)(9,8)\cos\theta$
  - D  $N = (4)(9,8)\cos\theta$
- (2)
- 1.4 'n Satelliet wentel om die Aarde op 'n hoogte waar die gravitasiekrag 'n kwart ( $\frac{1}{4}$ ) van die krag is wat dit op die oppervlak van die Aarde ondervind. Indien die radius van die Aarde  $R$  is, is die hoogte van die satelliet BO DIE OPPERVLAK van die Aarde ...
- A  $4R$
  - B  $2R$
  - C  $R$
  - D  $\frac{1}{2}R$
- (2)
- 1.5 'n Ligstraal beweeg vanaf glas na lug. Die invalshoek is  $35^\circ$ . Die grenshoek van glas is  $38^\circ$ .

Die ligstraal sal ...

- A diffraksie ondergaan.
  - B refraksie ondergaan en weg van die normaal buig.
  - C totale interne weerkaatsing ondergaan.
  - D refraksie ondergaan en na die normaal buig.
- (2)

- 1.6 Die pad van 'n ligstraal wat vanaf lug deur 'n reghoekige Perspex-blok beweeg, word hieronder getoon.



Die grootte van hoek  $\theta$  sal ... wees.

- A kleiner as  $39^\circ$
- B gelyk aan  $39^\circ$
- C gelyk aan  $51^\circ$
- D gelyk aan  $90^\circ$

(2)


- 1.7 'n Monochromatiese rooi ligstraal beweeg deur 'n enkelspleet met wydte  $d$ . Die diffraksiepatroon word op 'n skerm geprojekteer. Die rooi lig word dan deur monochromatiese blou lig vervang en deur dieselfde enkelspleet beweeg.

Die mate van diffraksie sal ...

- A toeneem omdat die mate van diffraksie direk eweredig aan golflengte is.
- B afneem omdat blou lig 'n korter golflengte as rooi lig het.
- C toeneem omdat blou lig 'n langer golflengte as rooi lig het.
- D afneem omdat die mate van diffraksie omgekeerd eweredig aan golflengte is.

(2)

- 1.8 'n Negatiewe lading van  $1 \mu\text{C}$ , wat vry is om te beweeg, word op 'n afstand van  $2r$  vanaf 'n positiewe lading van  $4 \mu\text{C}$  geplaas.



Watter EEN van die volgende stellings oor die  $-1 \mu\text{C}$ -lading, wanneer dit op afstand  $r$  is, is KORREK?

Die elektrostatisiese krag deur die  $-1 \mu\text{C}$ -lading ervaar, sal ...

- A dieselfde bly.
- B halveer word.
- C verdubbel word.
- D vier keer groter word.


(2)

- 1.9 'n Sirkelvormige spoel word binne 'n magneetveld geplaas en klokgewys geroteer om 'n emk te induseer. Watter EEN van die volgende veranderinge sal die geïnduseerde emk verhoog?

- A Stadiger rotasie van die spoel
- B Vermindering van die aantal windings van die spoel
- C Verhoging van die rotasiespoed van die spoel
- D Omruil van die polariteit van die magnete

(2)

- 1.10 In die stroombaandiagram hieronder het die battery 'n weglaatbare interne weerstand. Die weerstand van die ammeter en drade kan ook geïgnoreer word.




Die lesing op voltmeter  $V_3$  sal aan ... gelyk wees.

- A  $V_1$
- B  $\frac{1}{2} V_1$
- C  $V_1 + V_2$
- D  $V_2 - V_1$

(2)  
[20]

**VRAAG 2 (Begin op 'n nuwe bladsy.)**

Blok **A**, wat op 'n horizontale ruwe oppervlak in rus is, word as 'n anker gebruik om blok **B**, met 'n massa van 56 kg, op 'n sekere hoogte bo die grond in die lug te hou. Die twee blokke is verbind met tou **R**, wat 'n hoek van  $35^\circ$  met die vertikaal maak. Blok **B** hang vanaf die plafon aan kabel **C**. Verwys na die diagram hieronder.




Blok **A** ondervind 'n wrywingskrag van grootte 200 N. Die stelsel is in rus.

- 2.1 Definieer die term *resulterende vektor*. (2)
- 2.2 Wat is die grootte van die resulterende krag wat op blok **B** inwerk? (1)
- 2.3 Teken 'n benoemde vrye kragtediagram wat al die kragte aandui wat op blok **B** inwerk. (3)
- 2.4 Bepaal die horizontale komponent van die krag in tou **R**. (1)
- 2.5 Bereken die vertikale komponent van die krag in kabel **C**. (4)
- 2.6 Bereken die hoek  $\theta$  tussen die kabel en die plafon. (2)  
[13]

**VRAAG 3 (Begin op 'n nuwe bladsy.)**

Leerders ondersoek die verwantskap tussen netto krag en versnelling deur 'n trollie oor 'n oppervlak te trek wat 'n effense helling het om vir wrywing te kompenseer. Die trollie is aan verskillende massas met 'n toutjie van weglaatbare massa verbind. Die toutjie beweeg oor 'n wrywinglose katrol. Verwys na die diagram hieronder.



Tydtikkerlint wat aan die trollie verbind is, beweeg deur die tydtikker. Die versnelling van die trollie word bepaal deur die tydtikkerlint te analyseer. Die resultate van die netto krag wat deur die verskillende massastukke geproduseer word en die versnelling van die trollie, is in die tabel hieronder aangegeteken.


NETTO KRAG (N)	$a (\text{m}\cdot\text{s}^{-2})$
0,3	0,36
0,6	0,73
0,9	1,09
1,2	1,45

- 3.1 Skryf 'n hipotese vir hierdie eksperiment neer. (2)
  - 3.2.1 Identifiseer die *onafhanklike veranderlike*. (1)
  - 3.2.2 Identifiseer die *gekontroleerde veranderlike*. (1)
  - 3.3 Gebruik die grafiekpapier op die ANTWOORDBLAD en teken 'n grafiek van die versnelling teenoor netto krag. (4)
  - 3.4 Bereken die helling van die grafiek. (3)
  - 3.5 Gebruik die helling van die grafiek wat in VRAAG 3.4 bereken is om die massa van die trollie te bepaal. (2)
- [13]

**VRAAG 4 (Begin op 'n nuwe bladsy.)**

'n Insleepvoertuig sleep 'n kar op 'n grondpad.

Die krag wat die enjin van die insleepvoertuig uitoefen, is 9 000 N. Die massa van die insleepvoertuig is 1 300 kg en die massa van die kar is 950 kg. Die voertuie word aan mekaar verbind met 'n onelastiese sleepstang van weglaatbare massa. Sien die diagram hieronder.



Die insleepvoertuig en kar beweeg teen 'n KONSTANTE SNELHEID.

- 4.1 Definieer die term *wrywingskrag*. (2)
  - 4.2 NOEM en STEL die wet wat verduidelik waarom die krag wat deur die insleepvoertuig op die kar uitgeoefen word, dieselfde is as die krag wat deur die kar op die insleepvoertuig uitgeoefen word. (3)
  - 4.3 Teken 'n benoemde vrye kragtediagram wat al die kragte wat op die insleepvoertuig inwerk, aandui. (5)
  - 4.4 Indien die kinetiese wrywingskoëffisiënt tussen die insleepvoertuigbande en die padoppervlak 0,45 is, bereken die:
    - 4.4.1 Grootte van die spanning in die sleepstang (5)
    - 4.4.2 Kinetiese wrywingskoëffisiënt tussen die KAR se bande en die padoppervlak (5)
- Die sleepstang tussen die kar en die insleepvoertuig ontkoppel skielik en die kar kom los.
- 4.5 Gebruik 'n relevante bewegingswet en verduidelik waarom die kar vir 'n kort afstand aanhou vorentoe beweeg. (3)
  - 4.6 Bereken die versnelling van die kar soos dit na 'n kort afstand tot stilstand kom. (3)
- [26]**

**VRAAG 5 (Begin op 'n nuwe bladsy.)**

Die versnelling as gevolg van gravitasie op planeet X is  $2,7 \text{ m}\cdot\text{s}^{-2}$ . Die radius van hierdie planeet is 'n derde ( $\frac{1}{3}$ ) van die radius van die Aarde.


- 5.1 Verduidelik die verskil tussen *gewig* en *massa*. (2)
- 5.2 Bereken die massa van planeet X. (4)
- 5.3 Bepaal die faktor waarmee die gewig van 'n voorwerp op planeet X van die gewig van dieselfde voorwerp op die Aarde sal verskil. (2)  
[8]

**VRAAG 6 (Begin op 'n nuwe bladsy.)**

Eksperimente word gedoen om die brekingsindekse van verskillende materiale te vergelyk.

In een eksperiment skyn 'n ligstraal vanaf lug deur materiaal **A** en die invalshoek en brekingshoek word gemeet. Die brekingsindeks vir lug is 1.

Die grafiek hieronder is geteken deur die resultate van materiaal **A** te gebruik.



- 6.1 Definieer die term *invalshoek*. (2)
- 6.2 Bereken die brekingsindeks van materiaal **A** deur die inligting in die grafiek te gebruik. (3)
- 6.3 Bereken die spoed van lig deur materiaal **A**. (3)
- 6.4 Indien materiaal **A** met materiaal **B** vervang word, is die brekingshoek  $31^\circ$  wanneer die invalshoek  $40^\circ$  is.
- 6.4.1 Bereken die brekingsindeks van materiaal **B**. (4)
- 6.4.2 Teken die grafiek van materiaal **A** oor, en teken op dieselfde assestelsel die grafiek wat jy vir materiaal **B** verwag. Benoem die grafiese van materiaal **A** en materiaal **B** duidelik. (2)

- 6.5 Totale interne weerkaatsing vind plaas wanneer 'n ligstraal vanaf materiaal **A** na materiaal **B** beweeg. Die grenshoek van materiaal **A** is  $49^\circ$ .


6.5.1 Watter reeks hoeke sal dit vir totale interne weerkaatsing moontlik maak om plaas te vind? (2)

6.5.2 Watter ANDER toestand is nodig vir totale interne weerkaatsing om plaas te vind? (2)

[18]

### VRAAG 7 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

'n Eksperiment word opgestel, soos hieronder getoon, om die effek van spleetwydte op die mate van diffraksie te ondersoek. Afstand **y** op die diagram stel die afstand tussen die skerm en die enkelspleet voor. Afstand **x** op die diagram stel die wydte van die sentrale helder band voor.



- 7.1 Skryf 'n ondersoekende vraag vir hierdie eksperiment neer. (2)
- 7.2 Stel *Huygens se beginsel* in woorde. (2)
- 7.3 Hoe sal afstand **x** beïnvloed word indien die spleetwydte vergroot word? Kies uit TOENEEM, AFNEEM of BLY DIESELFDE. (1)
- 7.4 Verduidelik die antwoord op VRAAG 7.3. (2)
- 7.5 Hoe sal afstand **x** beïnvloed word indien afstand **y** vergroot word? Kies uit TOENEEM, AFNEEM of BLY DIESELFDE. (1)
- [8]

**VRAAG 8 (Begin op 'n nuwe bladsy.)**

Twee IDENTIESE puntladings, **X** en **Y**, word 2 mm van mekaar af geplaas. Punt **P** is 3 mmregs van lading **Y**. Die netto elektriese veld by punt **P** is  $5,44 \times 10^6 \text{ N}\cdot\text{C}^{-1}$  na links.



- 8.1 Definieer die term *elektriese veld* by 'n punt. (2)
- 8.2 Is die ladings NEGATIEF of POSITIEF? (1)
- 8.3 Teken die resulterende elektrieseveld-patroon vir ladings **X** en **Y**. (3)
- 8.4 Bereken die grootte van die lading **X**. (5)
- 8.5 Lading **Y** word nou met 'n identiese teenoorgesteld gelaaide puntlading vervang.

Hoe sal die grootte van die netto elektriese veld by punt **P** beïnvloed word?  
Kies uit TOENEEM, AFNEEM of BLY DIESELFDE.


Gee 'n rede vir die antwoord.

(2)


**[13]**

**VRAAG 9 (Begin op 'n nuwe bladsy.)**

'n Induksiespoel met oppervlakte  $48,6 \text{ cm}^2$  en 200 windings word klokgewys in 'n konstante magneetveld met grootte  $2,4 \text{ T}$  geroteer. Verwys na die diagram hieronder.




Die grafiek hieronder toon hoe die geïnduseerde emk met die omgekeerde van tyd verander.



- 9.1 Stel Faraday se wet in woorde. (2)
  - 9.2 Gebruik die inligting in die grafiek om die verandering in magnetiese vloed te bereken. (5)
  - 9.3 Die spoel roteer deur 'n hoek  $\theta$  na 'n posisie waar die magnetiese vloed nul word. Bereken hoek  $\theta$ . (4)
- [11]**

**VRAAG 10 (Begin op 'n nuwe bladsy.)**

- 10.1 Die stroombaan hieronder bestaan uit 'n  $6\ \Omega$ - en  $15\ \Omega$ -resistor wat in parallel verbind is en 'n onbekende resistor  $R$ , in serie. 'n Ammeter, 'n hoë-weerstand-voltmeter, 'n geslote skakelaar en battery word verbind, soos getoon. Die weerstand van die battery en drade kan geïgnoreer word.



Die totale drywing in die parallelle gedeelte van die stroombaan is 50 W.

- 10.1.1 Definieer die term *drywing*. (2)
- 10.1.2 Bereken die effektiewe weerstand van die parallelle kombinasie. (2)
- 10.1.3 Bereken die potensiaalverskil oor die resistors in parallel. (3)
- 10.1.4 Bereken die stroom deur resistor  $R$ . (3)
- Die skakelaar in die stroombaan word nou OOPGEMAAK.
- 10.1.5 Hoe sal die lesing op die voltmeter (V) beïnvloed word? Kies uit TOENEEM, AFNEEM of BLY DIESELFDE. (1)
- 10.1.6 Verduidelik die antwoord op VRAAG 10.1.5. (3)
- 10.2 'n Warmwatertoestel, 2 000 W gemerk, word gemiddeld vir 5 uur per dag gebruik. Die koste van elektrisiteit is 80 sent per kWh.
- 10.2.1 Bereken die energie wat vir 5 uur per dag deur die warmwatertoestel gebruik word. (4)
- 10.2.2 Bereken die koste van elektrisiteit om die warmwatertoestel vir 'n maand met 30 dae te gebruik. (2)
- [20]**

**TOTAAL:** **150**



**DATA FOR PHYSICAL SCIENCES GRADE 11**  
**PAPER 1 (PHYSICS)**

**GEGEWENS VIR FISIESE WETENSKAPPE GRAAD 11**  
**VRAESTEL 1 (FISIKA)**

**TABLE 1: PHYSICAL CONSTANTS/TABEL 1: FISIESE KONSTANTES**

NAME/NAAM	SYMBOL/SIMBOOL	VALUE/WAARDE
Acceleration due to gravity <i>Swaartekragversnelling</i>	$g$	$9,8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-2}$
Gravitational constant <i>Swaartekragkonstante</i>	$G$	$6,67 \times 10^{-11} \text{ N}\cdot\text{m}^2\cdot\text{kg}^{-2}$
Radius of Earth <i>Straal van Aarde</i>	$R_E$	$6,38 \times 10^6 \text{ m}$
Coulomb's constant <i>Coulomb se konstante</i>	$k$	$9,0 \times 10^9 \text{ N}\cdot\text{m}^2\cdot\text{C}^{-2}$
Speed of light in a vacuum <i>Spoed van lig in 'n vakuum</i>	$c$	$3,0 \times 10^8 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$
Charge on electron <i>Lading op elektron</i>	$e$	$-1,6 \times 10^{-19} \text{ C}$
Electron mass <i>Elektronmassa</i>	$m_e$	$9,11 \times 10^{-31} \text{ kg}$
Mass of the earth <i>Massa van die Aarde</i>	$M$	$5,98 \times 10^{24} \text{ kg}$

**TABLE 2: FORMULAE/TABEL 2: FORMULES****MOTION/BEWEGING**

$v_f = v_i + a \Delta t$	$\Delta x = v_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$
$v_f^2 = v_i^2 + 2a\Delta x$	$\Delta x = \left( \frac{v_f + v_i}{2} \right) \Delta t$

**FORCE/KRAG**

$F_{\text{net}} = ma$	$w = mg$
$F = \frac{Gm_1m_2}{r^2}$	$\mu_s = \frac{f_{s(\text{max})}}{N}$
$\mu_k = \frac{f_k}{N}$	

**WAVES, SOUND AND LIGHT/GOLWE, KLANK EN LIG**

$v = f \lambda$	$T = \frac{1}{f}$
$n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r$	$n = \frac{c}{v}$

**ELECTROSTATICS/ELEKTROSTATIKA**


$F = \frac{kQ_1 Q_2}{r^2}$ ( $k = 9,0 \times 10^9 \text{ N} \cdot \text{m}^2 \cdot \text{C}^{-2}$ )	$E = \frac{F}{q}$
$E = \frac{kQ}{r^2}$ ( $k = 9,0 \times 10^9 \text{ N} \cdot \text{m}^2 \cdot \text{C}^{-2}$ )	$n = \frac{Q}{e}$

**ELECTROMAGNETISM/ELEKTROMAGNETISME**

$\varepsilon = -N \frac{\Delta \Phi}{\Delta t}$	$\Phi = BA \cos \theta$
---	-------------------------

**ELECTRIC CIRCUITS/ELEKTRIESE STROOMBANE**

$I = \frac{Q}{\Delta t}$	$R = \frac{V}{I}$
$\frac{1}{R} = \frac{1}{r_1} + \frac{1}{r_2} + \frac{1}{r_3} + \dots$	$R = r_1 + r_2 + r_3 + \dots$
$W = Vq$	$P = \frac{W}{\Delta t}$
$W = VI \Delta t$	$P = VI$
$W = I^2 R \Delta t$	$P = I^2 R$
$W = \frac{V^2 \Delta t}{R}$	$P = \frac{V^2}{R}$

**ANTWOORDBLAAD****LEWER HIERDIE ANTWOORDBLAAD SAAM MET DIE ANTWOORDEBOEK IN.****NAAM:** \_\_\_\_\_ **KLAS:** \_\_\_\_\_**VRAAG 3.3**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NATIONAL SENIOR CERTIFICATE/ *NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT*

GRADE/GRAAD 11

**PHYSICAL SCIENCES: PHYSICS (P1)**  
**FISIESE WETENSKAPPE: FISIKA (V1)**

**NOVEMBER 2017**

**MARKING GUIDELINES/NASIENRIGLYNE**

**MARKS/PUNTE: 150**

<b>DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION</b>
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
<b>2017 -11- 06</b>
<b>APPROVED MARKING GUIDELINE</b>
<b>PUBLIC EXAMINATION</b>


These marking guidelines consist of 14 pages.  
*Hierdie nasienriglyne bestaan uit 14 bladsye.*

Approved:  
Dayangji  
2017: 11: 05  
Gnt. Mod.

Approved:  
Mhetshwa  
2017/11/5  
chief Examiner



**QUESTION/VRAAG 1**

- |      |      |     |
|------|------|-----|
| 1.1  | D ✓✓ | (2) |
| 1.2  | A ✓✓ | (2) |
| 1.3  | D ✓✓ | (2) |
| 1.4  | C ✓✓ | (2) |
| 1.5  | B ✓✓ | (2) |
| 1.6  | C ✓✓ | (2) |
| 1.7  | B ✓✓ | (2) |
| 1.8  | D ✓✓ | (2) |
| 1.9  | C ✓✓ | (2) |
| 1.10 | B ✓✓ | (2) |
- [20]**



**QUESTION/VRAAG 2**

- 2.1 The vector sum of two or more vectors. ✓✓  
*Die vektorsom van twee of meer vektore. ✓✓*  
**OR/OF**  
 The single vector which has the same effect as two or more vectors (acting) together.  
*Die enkele vektor met dieselfde effek as twee of meer vektore saam.* (2)
- 2.2 0 N ✓ (Accept 0/Zero Aanvaar 0/Nul) (1)
- 2.3 (3)



Notes: Accepted Labels/Aanvaarbare Byskrifte		Mark/Punt
W	weight/F <sub>G</sub> /F <sub>g</sub> <i>gewig/gravitasiekrag/swaartekrag</i>	✓
F <sub>C</sub>	Tension force in cable/T <sub>C</sub> <i>Spanningskrag in kabel/T<sub>C</sub></i>	✓
F <sub>R</sub>	Tension force in rope/T <sub>R</sub> <i>Spanningskrag in tou/T<sub>R</sub></i>	✓
	Any additional force: deduct 1 mark (maximum ½) <i>Enige addisionele krag: trek 1 punt af (maksimum ½)</i>	
	Lines must touch object otherwise (maximum ½) <i>Lyne moet voorwerp raak anders (maksimum ½)</i>	
	Subtract one mark if arrows are not shown <i>Trek een punt af indien pylpunte nie gewys word nie</i>	

- 2.4 200 N ✓ (to the left/links) (1)

**POSITIVE MARKING FROM QUESTION 2.4**  
**POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 2.4**

$$F_{RY} = \frac{200}{\tan 35^\circ} \checkmark = 285,63 \text{ N}$$

$$F_g = mg = 56(9,8) \checkmark = 548,8 \text{ N}$$

$$\left. \begin{aligned} F_{RY} + F_{CY} &= F_g \\ 285,63 + F_{CY} &= 548,8 \end{aligned} \right\} \checkmark \text{ any one/enige een}$$

$$F_{CY} = 263,17 \text{ N } \checkmark \text{ (upwards/opwaarts)}$$

**Mark allocation: Puntetoekenning**  
 Calculating/Bereken F<sub>RY</sub> ✓  
 Calculating weight/Bereken gewig ✓  
 Vector sum/vektorsom ✓  
 Answer/Antwoord ✓

(4)

**2.6 POSITIVE MARKING FROM QUESTION 2.4 and 2.5****POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 2.4 en 2.5**

$$\tan \theta = \frac{263,17}{200}$$

$$\theta = 52,77^\circ$$

(2)  
[13]**QUESTION/VRAAG 3**

3.1

**Criteria for hypothesis/Riglyne vir hipotese**

State the relationship between the correct dependent and independent variables.

*Stel die verwantskap tussen die korrekte afhanklike en onafhanklike veranderlike.*

The controlled variable is stated as part of the hypothesis

*Die gekontroleerde veranderlike word genoem as deel van die hipotese*

Dependent variable/afhanklike veranderlike: acceleration/versnelling

Independent variable/onafhanklike veranderlike: (net) force/(netto) krag

Example/Voorbeeld:

The acceleration is directly proportional to (net) force ✓ if the mass of the trolley is kept constant ✓

*Die versnelling is direk eweredig aan die (netto) krag ✓ indien die massa van die trollie konstant bly ✓*

(2)

3.2.1

(Net) Force ✓

(Netto) Krag ✓


(1)

3.2.2

Mass of trolley ✓


*Massa van die trollie ✓*

(1)



3.3

### Graph of acceleration versus net force Grafiek van versnelling teenoor netto krag



Refer to back of memo for graph drawn to scale

Verwys na die laaste bladsy van memorandum vir skaalgrafiek

Marking criteria for graph <i>Nasienkriteria vir grafiek</i>	
Axes with correct/appropriate scale <i>Asse met korrekte/toepaslike skaal</i>	✓
3 or more coordinates correctly plotted <i>3 of meer koördinate korrek gestip</i>	✓✓
If 2 coordinates correctly plotted - one mark <i>Indien 2 koördinate korrek gestip – een punt</i>	
Drawing a line of best fit through the origin <i>Teken 'n lyn van beste passing deur die oorsprong</i>	✓

(4)

3.4

Accept any set of coordinates from the graph, for example:

Aanvaar enige kombinasie van koördinate vanaf die grafiek, byvoorbeeld:

$$\text{gradient} = \frac{1,45 - 0,36}{1,2 - 0,3} \checkmark = 1,21 \checkmark$$

OR/OF

$$\text{gradient} = \frac{1,09 - 0}{0,9 - 0} \checkmark = 1,21 \checkmark$$

OR/OF

$$\text{gradient} = \frac{0,73 - 0}{0,6 - 0} \checkmark = 1,22 \checkmark$$


OR/OF

$$\text{gradient} = \frac{0,36 - 0}{0,3 - 0} \checkmark = 1,2 \checkmark$$

If the origin is used and zeros are not shown, max 2/3

Indien die oorsprong gebruik word en nulwaardes word nie getoon, maks 2/3

(3)



3.5

### POSITIVE MARKING FROM QUESTION 3.4 POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 3.4

$$\text{Gradient} = \frac{a}{F} = \frac{1}{m}$$

$$m = \frac{1}{1,21} \checkmark = 0,83 \text{ kg} \checkmark$$

(2)

[13]

## QUESTION/VRAAG 4

- 4.1 Frictional force is the force that opposes the motion of an object and which acts parallel to the surface. ✓✓  
*Wrywingskrag is die krag wat die beweging van 'n voorwerp teenstaan en ewewydig aan die oppervlak inwerk.* ✓✓

(2)

- 4.2  Newton's Third law: ✓



► When object A exerts a force on object B, object B simultaneously exerts an oppositely directed force of equal magnitude on object A. ✓✓

- Newton se Derde wet: ✓

► Wanneer voorwerp A 'n krag op voorwerp B uitoefen sal voorwerp B gelyktydig 'n krag van gelyke grootte in die teenoorgestelde rigting op voorwerp A uitoefen. ✓✓

(3)

4.3



(5)

Notes: Accepted Labels/Aanvaarbare Byskrifte		Mark/Punt
w	weight/gravitational force/ $F_g$ / $F_g/12\ 740\ N$ <i>gewig/gravitasiekrag/swaartekrag/<math>F_g</math>/<math>F_g/12\ 740\ N</math></i>	✓
T	Tension force / $F_T$ <i>Spanningskrag/<math>F_T</math></i>	✓
f	friction/ $F_f$ <i>Wrywing/<math>F_f</math></i>	✓
N	Normal/ $F_N$ / $12\ 740\ N$ <i>Normaal/<math>F_N</math>/<math>12\ 740\ N</math></i>	✓
$F_A$	Applied force/ $F_{\text{applied}}$ / $F_{\text{engine}}$ / $F$ <i>Toegepaste krag/<math>F_{\text{toegepas}}</math>/<math>F_{\text{engin}}</math>/<math>F</math></i> Any additional force: deduct 1 mark (maximum $\frac{4}{5}$ ) <i>Enige addisionele krag: trek 1 punt af (maksimum <math>\frac{4}{5}</math>)</i> Lines must touch object otherwise (maximum $\frac{4}{5}$ ) <i>Lyne moet voorwerp raak anders (maksimum <math>\frac{4}{5}</math>)</i> Subtract one mark if arrows are not shown <i>Trek een punt af indien pylpunte nie gewys word nie</i>	✓

4.4 4.4.1  $F_{\text{net}} = ma$  } ✓

$F_{\text{engine}} - f - T = 0$

$9\ 000 - 0,45(F_g) - T = 0$

$9\ 000 \checkmark - 0,45(1\ 300)(9,8) \checkmark - T = 0 \checkmark$

$T = 3\ 267\ N \checkmark$

(5)

**4.4.2 POSITIVE MARKING FROM QUESTION 4.4.1**  
**POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 4.4.1**

$$\left. \begin{array}{l} F_{\text{net}} = ma \\ F_{\text{net}} = 0 \\ T - f_k = 0 \end{array} \right\} \checkmark \text{ Any one / enige een}$$

$$\begin{aligned} 3267 - f_k &= 0 \checkmark \\ f_k &= 3267 \text{ N (backwards/terugwaarts)} \\ f_k &= \mu_k N \checkmark \\ f_k &= \mu_k mg \\ 3267 &= \mu_k(950)(9,8) \checkmark \\ \mu_k &= 0,35 \checkmark \end{aligned}$$

OR

$$\begin{aligned} f_k &= \mu_k N \checkmark \\ f_k &= \mu_k mg \\ 3267 &\checkmark = \mu_k(950)(9,8) \checkmark \\ \mu_k &= 0,35 \checkmark \end{aligned}$$

(5)

- 4.5 Newton's second law  $\checkmark$  the object experiences a net force slowing it down to stop  $\checkmark\checkmark$

OR

Newton's first law,  $\checkmark$  an object will continue moving at a constant velocity unless a non-zero net force acts on it.  $\checkmark\checkmark$

Newton se tweede wet  $\checkmark$  die voorwerp ervaar 'n netto krag wat dit laat stadiger beweeg totdat dit stop.  $\checkmark\checkmark$

OF

Newton se eerste wet,  $\checkmark$  sal 'n voorwerp aanhou beweeg teen 'n konstante snelheid tensy 'n nie-nul netto krag daarop inwerk.  $\checkmark\checkmark$

(3)

**4.6 POSITIVE MARKING FROM QUESTION 4.4.1**

**POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 4.4.1**

$$F_{\text{net}} = ma$$

$$-3267 = 950a \checkmark$$

$$a = -3,44 \text{ m}\cdot\text{s}^{-2}$$

=  $3,44 \text{ m}\cdot\text{s}^{-2}$   $\checkmark$  backwards/to the right / terugwaarts/regs  $\checkmark$

(3)

[26]

**QUESTION/VRAAG 5**

- 5.1 Weight is the gravitational force exerted on an object by the earth.  $\checkmark$

Gewig is die gravitasiekrag wat die Aarde op 'n voorwerp uitoeft.  $\checkmark$

Mass is the amount of matter in a body.  $\checkmark$


Massa is die hoeveelheid materie in 'n liggaam.  $\checkmark$

(2)

5.2  $g = \frac{GM}{r^2} \checkmark$

$$2,7 = \frac{6,67 \times 10^{-11} M}{\left(\frac{1}{3} \times 6,38 \times 10^6\right)^2} \checkmark$$

$$M = 1,83 \times 10^{23} \text{ kg} \checkmark$$



(4)

- 5.3  $\frac{9,8}{2,7} = 3,63$  times smaller  $\checkmark\checkmark$  on planet X than on Earth

3,63 keer kleiner op planeet X as op die Aarde

(2)

[8]

## QUESTION/VRAAG 6

- 6.1 Angle of incidence is the angle between the normal to a reflecting surface and incident ray. ✓✓  
*Invalshoek is die hoek tussen die normaal op die oppervlak en die invallende straal.* ✓✓

(2)

6.2

**OPTION 1/OPSIE 1**

$$\text{gradient} = \frac{0,37 - 0}{0,56 - 0} = 0,66 \checkmark$$

$$\text{gradient} = \frac{\sin \theta_r}{\sin \theta_i} = \frac{n_i}{n_r}$$

$$\text{gradient} = \frac{1}{n_r}$$

$$n_r = \frac{1}{0,66} \checkmark$$

$$n_r = 1,51 \checkmark$$

**OPTION 2/OPSIE 2**

$$n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r \checkmark$$

$$1(0,56) = n_r (0,37) \checkmark$$

$$n_r = 1,51 \checkmark$$

6.3

**POSITIVE MARKING FROM QUESTION 6.2**

**POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 6.2**

$$n = \frac{c}{v} \checkmark$$

$$1,51 = \frac{3 \times 10^8}{v} \checkmark$$

$$v = 1,99 \times 10^8 \text{ m} \cdot \text{s}^{-1} \checkmark$$


6.4.1

$$n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r \checkmark$$

$$1 \sin 40^\circ \checkmark = n_r \sin 31^\circ \checkmark$$

$$n_r = 1,25 \checkmark$$

6.4.2




Criteria/Kriteria:

The gradient of B must be bigger than the gradient of A. ✓✓

*Die helling van B moet groter wees as die helling van A.* ✓✓

(3)



(4)

6.5.1

Angle of incidence should be between  $49^\circ$  and  $90^\circ$ . ✓✓

*Invalshoeke tussen  $49^\circ$  en  $90^\circ$ .* ✓✓

OR/OF

$49^\circ < \theta < 90^\circ$ .

(2)

6.5.2

Light must travel from optically denser medium (higher refractive index) to an optically less dense medium (lower refractive index). ✓✓

*Lig moet beweeg vanaf 'n medium met hoë optiese digtheid (hoë brekingsindeks) na 'n medium met lae optiese digtheid (lae brekingsindeks).* ✓✓

(2)

[18]

## QUESTION/VRAAG 7

7.1	Criteria for investigative question:/Kriteria vir ondersoekende vraag	
	The dependent and independent variables are stated correctly. <i>Die afhanklike en onafhanklike veranderlikes korrek genoem.</i>	✓
	State the relationship between the dependent and independent variables. <i>Stel die verwantskap tussen die afhanklike en onafhanklike veranderlike.</i>	✓
	Dependent variable/afhanklike veranderlike: degree of diffraction/mate van diffraksie	
	Independent variable/onafhanklike veranderlike: slit width/spleetwydte	

Examples:/Voorbeelde:

What is the relationship between slit width and degree of diffraction?

*Wat is die verhouding tussen spleetwydte en mate van diffraksie?*

OR/OF

How does the width of the central bright band change as the slit width changes?

*Hoe word die breedte van die sentrale helder band beïnvloed deur die verandering in spleetwydte?*

(2)

- 7.2 Every point of a wave front serves as a point source of spherical, secondary waves that move forward with the same speed as the wave. ✓✓

*Elke punt van 'n golffront dien as 'n puntbron van sferiese, sekondêre golwe wat voortwaarts beweeg teen dieselfde spoed as die golf.* ✓✓

(2)

- 7.3 Decrease ✓  
*Neem af ✓*

(1)

- 7.4 The degree/amount of diffraction is inversely proportional to the slit width. ✓✓

**OR** Degree of diffraction  $\propto 1/w$

*Die mate van diffraksie is omgekeerd eweredig aan die spleetwydte.* ✓✓


**OF** Mate van diffraksie  $\propto 1/w$

(2)

- 7.5 Increase ✓  
*Toeneem ✓*

(1)

[8]



**QUESTION/VRAAG 8**


- 8.1 The electrostatic force experienced per unit positive charge (placed at that point) ✓✓  
*Die elektrostatisiese krag wat per eenheid positiewe lading (ondervind word by daardie punt) ✓✓*

(2)

- 8.2 Negative ✓  
*Negatief ✓*

(1)

- 8.3 **POSITIVE MARKING FROM QUESTION 8.2**  
**POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 8.2**



Criteria for marking/Nasienkriteria	
Shape of the field <i>Vorm van veld</i>	✓
Direction of the field <i>Rigting van veld</i>	✓
Lines touch charge/line don't cross etc. <i>Lyne raak lading/lyne kruis nie ens.</i>	✓

NOTE: If only one charge is drawn, no marks  
 NOTA: Indien slegs een lading getekken word, geen punte

(3)

8.4


$$E = \frac{kQ}{r^2}$$

$$E_{\text{net}} = \frac{kQ}{r^2} + \frac{kQ}{(5 \times 10^{-3})^2}$$

$$5.44 \times 10^6 \checkmark = \frac{9 \times 10^9 Q}{(5 \times 10^{-3})^2} \checkmark + \frac{9 \times 10^9 Q}{(3 \times 10^{-3})^2} \checkmark$$

$$Q = 4 \times 10^{-9} \text{ C} \checkmark$$

} Any one/enige een



(5)

- 8.5 Net electric field DECREASES ✓

The positive charge on X will have a field in the opposite direction. The electric field (strength) being a vector will decrease because of opposite directions. ✓

*Netto elektriese veld NEEM AF ✓*

*Die positiewe lading op X het 'n veld in die teenoorgestelde rigting. Die elektriese veld (sterkte) is 'n vektor en dit sal die veld laai afneem as die rigtings van die twee ladings se veldlede teenoorgestel is. ✓*

(2)

[13]

### QUESTION/VRAAG 9

- 9.1 The magnitude of the induced *emf* across the ends of a conductor is directly proportional to the rate of change in the magnetic flux linkage with the conductor. ✓✓

*Die grootte van die geïnduseerde emk oor die ente van 'n geleier is direk eweredig aan die tempo van verandering van die magnetiese vloedkoppeling met die geleier.* ✓✓

(2)

- 9.2 Accept any correct combination of coordinates from the graph for example:

$(1/\Delta t ; \varepsilon)$  can be  $(1,8 ; 3)$  OR  $(1,2 ; 2)$  OR  $(0,6 ; 1)$

*Aanvaar enige korrekte kombinasie van koördinate vanaf die grafiek byvoorbeeld:  $(1/\Delta t ; \varepsilon)$  kan wees  $(1,8 ; 3)$  OF  $(1,2 ; 2)$  OF  $(0,6 ; 1)$*

<b>OPTION 1/OPSIE 1</b> $\varepsilon = \frac{-N\Delta\Phi}{\Delta t}$ ✓ $3\checkmark = -(200)\checkmark \Delta\Phi(1,8)$ ✓ $\Delta\Phi = -0,0083 \text{ Wb}$ ✓	<b>OPTION 2/OPSIE 2</b> $\varepsilon = \frac{-N\Delta\Phi}{\Delta t}$ ✓ $3\checkmark = -(200)\checkmark \Delta\Phi(\frac{1}{0,56})$ ✓ $\Delta\Phi = -0,0083 \text{ Wb}$ ✓
<b>OPTION 3/OPSIE 3</b> $\text{gradient} = \varepsilon\Delta t = -N\Delta\Phi$ ✓ $3\checkmark(0,56) \checkmark = -(200)\checkmark \Delta\Phi$ $\Delta\Phi = -0,0083 \text{ Wb}$ ✓	

(5)

- 9.3 **POSITIVE MARKING FROM 9.2**


#### POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 9.2

$$\Delta\Phi = \Phi_f - \Phi_i$$

$$-0,0083 \checkmark = (4,86 \times 10^{-3})(2,4) \cos 90^\circ - (4,86 \times 10^{-3})(2,4) \cos \theta \checkmark$$

$$\theta = 44,64^\circ \checkmark$$

(4)  
 [11]



## QUESTION/VRAAG 10

- 10.1.1 Power is the rate at which work is done/energy is transferred. ✓✓  
*Drywing is die tempo waarteen arbeid verrig /energie oorgedra word ✓✓* (2)

10.1.2	<b>OPTION 1/OPSIE 1</b>	<b>OPTION 2/OPSIE 2</b>	
	$\frac{1}{R_{\parallel}} = \frac{1}{R_1} + \frac{1}{R_2}$ $\frac{1}{R_{\parallel}} = \frac{1}{6} + \frac{1}{15} \checkmark$ $R_{\parallel} = 4,29 \Omega \checkmark$	$R_{\parallel} = \frac{R_1 \times R_2}{R_1 + R_2}$ $R_{\parallel} = \frac{6 \times 15}{6 + 15} \checkmark$ $R_{\parallel} = 4,29 \Omega \checkmark$	(2)

- 10.1.3 **POSITIVE MARKING FROM QUESTION 10.1.2**  
**POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 10.1.2**


$$P = \frac{V^2}{R} \checkmark$$

$$50 = \frac{V^2}{4,29} \checkmark$$

$$V = 14,65 V \checkmark$$
(3)

- 10.1.4 **POSITIVE MARKING FROM QUESTION 10.1.2 and 10.1.3**  
**POSITIEWE NASIEN VANAF VRAAG 10.1.2 en 10.1.3**

<b>OPTION 1/OPSIE 1</b>	<b>OPTION 2/OPSIE 2</b>
$R = \frac{V}{I} \checkmark$ $4,29 = \frac{14,65}{I} \checkmark$ $I = 3,41 A \checkmark$	$P = VI \checkmark$ $50 = (14,65)I \checkmark$ $I = 3,41 A \checkmark$
<b>OPTION 3/OPSIE 3</b>	<b>OPTION 4/OPSIE 4</b>
$P = I^2R \checkmark$ $50 = I^2(4,29) \checkmark$ $I = 3,41 A \checkmark$	$V = IR \checkmark$ $14,65 = I(6)$ $I = 2,44 A$ $V = IR$ $14,65 = I(15)$ $I = 0,98 A$ $2,44 + 0,98 \checkmark = 3,42 A \checkmark$

(3)


10.1.5 Decreases ✓

Neem af ✓

(1)

10.1.6 The total resistance increases ✓

The current in the circuit decreases ✓

The resistance of R is constant, ✓ then the potential difference across R decreases.

Totale weerstand neem toe ✓

Die stroom in die stroombaan neem af ✓

Die weerstand van R is konstant ✓ so die potensiaalverskil oor resistor R sal afneem

(3)

$$P = \frac{W}{\Delta t} \checkmark$$

$$2\ 000 \checkmark = \frac{W}{18\ 000} \checkmark$$

$$W = 3,6 \times 10^7 \text{ J} \checkmark$$

(4)

10.2.2 Cost = price x unit kWh / Koste = prys x eenheid kWh

Cost = 80(2)(5)(30) ✓


Cost = 24 000 cents = R240 ✓

(answer can be given in rand or cents)

(antwoord kan in rand of sent gegee word)

(2)


[20]



**ANSWER SHEET/ANTWOORDBLAAD**

**NAME/NAAM:** \_\_\_\_\_ **CLASS/KLAS:** \_\_\_\_\_

**QUESTION/VRAAG 3.3**



**TOTAL/TOTAAL:** **150**